# Die boek Prediker: Alles is nie sinloos nie![1]

J J Steyn

(Universiteit van Pretoria)

## ABSTRACT

**Ecclesiastes: Everything is not meaningless!**
*Ecclesiastes is not dominated by the statement of meaningless, but also provides positive advice. The majesty and glory of God and his sovereignity, reflects one of the main themes in this book. God rules man's destiny, his/her successes and happiness. Man's attitude can best be summarized in the following words from Ecclesiastes 12:13: "Fear God and keep his commandments". Ecclesiastes continuously emphasizes the great value of wisdom. This can be attributed to the fact that God Himself is the author of wisdom. However, wisdom also has limits. Even with all man's wisdom, she/he is still limited, as even wise people can not explain all that happens on earth. Ecclesiastes does not only become meaningfull when looking at the New Testament, it has its own message for today's Christians.*

## 1 INLEIDING

Daar is geen eenstemmigheid onder geleerdes oor die interpretasie van die boek Prediker nie. 'n Mens sou selfs so ver kon gaan om te sê dat daar geen ander boek in die Ou Testament is wat so radikaal verskillend geïnterpreteer word as die boek Prediker nie (Holm-Nielsen 1974:168-177). Die volgende oorsig van temas uit tydskrifartikels illustreer die verskillende standpunte van geleerdes oor die interpretasie van die boek Prediker:

> "The pessimism of Ecclesiastes" (Forman 1958:338-343).
> "Despair as a theological virtue in the spirituality of Ecclesiastes" (Walsh 1982:46-49).
> "The cynic in the Bible" (Liebschutz 1920:731-741).
> "Qohelet: Enigmatic pessimist or Godly sage?" (Caneday 1986:21-56).
> "Qoheleth, preacher of joy" (Whybray 1982:87-98).

J A Loader is een van die belangrikste voorstanders van die negatiewe interpretasie van die boek Prediker. Vir hom is die הבל-uitsprake die

---

[1] Hierdie artikel is 'n opsomming van die DD-proefskrif deur J J Steyn, *Die boek Prediker: "Alles is sinloos"?*, Pretoria 1997, (Universiteit van Pretoria) onder promotorskap van Prof W S Prinsloo.

fundamentele gedagte van die boek Prediker: "We zullen dus moeten erkennen dat er maar èèn fundamentele gedachte in het boek voorkomt – de zinloosheidsverklaring die vanuit talloze gezichtspunten verduidelijkt en geïllustreerd word" (Loader 1984:20).

Volgens Loader (1979:130) is alles sinloos in die boek Prediker omdat daar 'n leegte of vakuum tussen God en die mens bestaan. Om hierdie vakuum te vul en weer sin aan die lewe te gee, is 'n middelaarsfiguur onontbeerlik. Vir die Christen is hierdie middelaar tussen God en die mense, Jesus Christus (Loader: 1984:21). Vir Loader (1984:21) is die boek Prediker dus 'n realistiese beeld van hoe 'n mens se lewe sonder Christus lyk.

Die polêre strukture wat Loader in Prediker uitwys, staan ook in diens van bogenoemde sinloosheidsverklaring. Volgens Loader (1987:52) stel Prediker telkens een gedagte teenoor 'n ander, sonder dat die spanning ooit opgelos word. "Hierdie verskynsel (polariteit) is dan ook die middel waardeur die boodskap uitgedruk word" (Loader 1987:52).

Die probleem is dus dat die boek Prediker volgens sommige navorsers geen positiewe boodskap het nie. In hierdie artikel word gepoog om onder andere antwoorde te kry op die volgende vrae: Is alles inderdaad sinloos volgens die boek Prediker? Is die boek Prediker 'n totaal negatiewe en pessimistiese boek of gee die boek ook positiewe raad? Kry die boek Prediker eers betekenis vanuit die Nuwe-Testamentiese perspektief?

## 2 EKSEGETIESE ANALISE

Loader (1979:112) rangskik die polêre strukture wat hy in die boek Prediker vind in tien temas, naamlik: waarde van die wysheid/waardeloosheid van die wysheid; konservering, lewe/prysgawe, dood; arbeid sonder produk; die onmenslike mens; spreke en swye; die waarde van rykdom is nul; politieke mag/politieke onmag; geen vergelding waar dit verwag word nie; risiko neem en risiko uitskakel, asook moeite en vreugde.

Om die polêre spanninge, asook die sinloosheidsgedagte wat Loader in die boek Prediker vind, te beoordeel, kies ek die perikope wat Loader uitwys by die polêre spanning, "waarde van die wysheid" teenoor die "waardeloosheid van die wysheid". Die volgende perikope is ter sprake: 1:12-2:26; 4:13-16; 7:5-7; 7:11-14; 7:15-22; 7:23-8:1; 8:16-17; 9:11-12; 9:13-16; 9:17-10:4; 10:5-7 en 10:8-11. Omdat die proloog (1:1-11) en die epiloog (12:9-14) bepalend is vir die verstaan van die boek Prediker, word hulle by die eksegetiese arbeid ingesluit.

### 2.1 Prediker 1:1-11

Prediker 1:1 is die opskrif van die boek Prediker. 1:2-3 is een van die kerngedagtes van die boek Prediker. Die mens bereik geen יתרון *("voordeel")* deur al sy geswoeg en harde arbeid op aarde nie. Dit is duidelik dat

die הבל-uitspraak in 1:2 toegespits gebruik word. Dit verwys na al die mens se harde arbeid wat geen wesenlike of blywende resultaat lewer nie.

Prediker soek 'n voordeel vir al sy harde arbeid תחת השמש *("onder die son")*, met ander woorde, hier op aarde. In 1:4-7 vertel hy meer oor hierdie הארץ *("aarde")*. Op hierdie aarde wat vir ewig bly bestaan (vers 4), is daar natuurelemente wat onderworpe is aan 'n voortdurende sikliese beweging. Hier op aarde is daar 'n vaste patroon. Hierdie voortdurende sikliese beweging in die natuur dui nie op 'n sinlose kringloop soos wat Loader (1984:25) beweer nie, maar eerder op 'n "wunderbares Schauspiel" (Fischer 1997:196) en 'n vaste patroon en bestendigheid in die natuur.

Prediker 1:8-11 wys dat daar geen nuwe gebeure onder die son is nie. In die menslike gebeure op aarde is daar geen vooruitgang of werklike verandering nie. Menslike gebeure en dade bring niks nuuts of blywends tot stand nie. 1:8-11 sluit dus baie nou aan by 1:2-3 wat daarop wys dat menslike arbeid en menslike pogings geen blywende יתרון *("voordeel")* bring nie.

## 2.2 Prediker 1:12-2:26

Hierdie perikoop word in ses perikoopseksies verdeel en hulle verhouding tot mekaar is soos volg:

| | |
|---|---|
| 1 - 1:12 | Bekendstelling |
| 1:13-15 | Alles wat in die wêreld gebeur |
| 2 - 1:16-18 | Wysheid |
| 3 - 2:1-11 | Vreugde en plesier |
| 4 - 2:12-17 | Wysheid en dwaasheid |
| 5 - 2:18-23 | Alle wysheid wat in die wêreld plaasvind |
| 6 - 2:24-26 | Oorkoepelende gevolgtrekking |

Hierdie perikoop begin in Prediker 1:13-15 met die gedagte van die grootheid en almag van God. Die mens moet aanvaar dat hy sekere dinge nie deur sy arbeid kan verander nie, want dit lê buite sy vermoë (1:15). Hierdie perikoop eindig in Prediker 1:24-26 met die "soewereine toebedeling van God" (Van Niekerk 1989:42). God deel wysheid, kennis en vreugde uit volgens sy vrymagtige beskikking. Daarom is daar geen voordeel vir die mens in sy arbeid nie. Die mens beskik nie self oor die vrug en vreugde van sy arbeid nie.

Prediker 2:18-23 gee nog twee redes waarom Prediker sy arbeid as 'n gejaag na wind ervaar. Die eerste rede is dat Prediker sy arbeid moet oorlaat aan iemand anders sonder om te weet of hy 'n wyse of 'n dwaas sal wees (2:18-19). Die tweede rede is dat hy nie self die vrug van sy arbeid kan geniet nie, maar dat iemand anders die vrug van sy arbeid geniet (2:20-21).

Vir Prediker het selfs die wysheid net tydelike voordeel (2:12-17). Die wysheid het 'n voordeel bo die dwaasheid solank 'n mens lewe. Prediker noem selfs die wysheid 'n gejaag na wind. Selfs die wyse kom by die grense van sy eie vermoë om die lewe werklik te begryp.

Prediker 2:1-11 kyk na die vreugde en genietinge van die lewe. Prediker het alles verkry wat 'n mens kan begeer. Al hierdie projekte wat hy aangepak het, het vir hom geen blywende voordeel gebring nie en hy bestempel dit as 'n gejaag na wind. Tog het hy vreugde geput uit al sy moeitevolle arbeid. Hierdie vreugde is dan ook sy enigste beloning (חלק) vir al sy moeitevolle arbeid (2:10).

Loader (1984:38) oortuig nie deur die הבל-uitsprake as "sinloosheid-verklaringe" te bestempel nie. Prediker 1:13-15 en 2:24-26 het duidelik aangetoon dat Prediker nie 'n fatalis is nie, want God se grootheid en vrymagtige beskikking staan vir hom vas. Te midde van Prediker se ervaring dat baie sake 'n gejaag na wind is, staan God se grootheid en soewereiniteit vir hom vas en juis daarom is alles vir Prediker nie sinloos nie.

## 2.3 Prediker 4:13-16

Hierdie perikokop teken 'n kontras tussen ילד *("'n jongman)* en מלך *("'n koning").* Hierdie kontras is drieledig. Die jongman is arm, maar tog wys en die koning is oud en dwaas. Die jongman kom uit die gevangenis om koning te word. Hierdie jongman het alles teen hom gehad. Hy was arm en jonk. Hy het net sy wysheid gehad wat hom gehelp het.

Die adversatiewe *gam* in 16b wys daarop dat die vreugde van die jongman van korte duur was. Sy latere onderdane, in teenstelling met sy aanvanklike onderdane, is nie ingenome met hom nie. So wys hierdie perikoop dat selfs 'n wyse koning se arbeid kom tot niks deur uiterlike omstandighede wat buite sy beheer is. Die uiterlike omstandighede in hierdie geval is die wispelturigheid van sy onderdane.

## 2.4 Prediker 7:5-7

Deur gebruik te maak van 'n טוב-spreuk (*"beter*-spreuk") vergelyk Prediker die teregwysing van 'n wyse met die lied van die dwase. Let daarop dat die teregwysing van een חכם *("wyse")* beter is as die lied van baie כסילים *("dwase").* Prediker beklemtoon dus hier die waarde van die wysheid. In Prediker 7:5-7 is daar dus wel 'n polêre struktuur van die wysheid teenoor die dwaasheid, soos Loader (1979:45) uitwys.

Ek stem egter nie saam met Loader (1979:45) dat hierdie perikoop wys dat die wysheid waardeloos is nie. Soos al die ander sake wat Prediker ondersoek, bevind hy dat selfs die wysheid nie blywende geluk of voordeel kan verseker nie. Hierdie perikoop toon aan hoe sekere omstandighede die wysheid se mag beperk. Selfs die wyse persoon kan faal deur afpersing of deur 'n omkoopgeskenk aan te neem.

## 2.5 Prediker 7:11-14

Prediker 7:11-14 stel die חכמה *("wysheid")* van die mens teenoor die מעשׂה האלהים *("werk van God")*. Prediker erken in hierdie perikoop "onomwonde die bestuur van God oor alle dinge" (Kroeze 1975:88). Die mens moet sy nietigheid besef deurdat hy die "werk van God" nie kan verander nie (vgl stige 13b), selfs nie deur sy hoogaangeskrewe wysheid nie (stiges 11-12).

Loader (1984:98) se standpunt, dat dit hier gaan om die "willekeur van God" is nie verantwoord nie. Hierdie "willekeur van God" maak, volgens Loader, die mens se wysheid waardeloos omdat God die voorbeskikker van alles is. Hierdie perikoop wil egter nie sê dat die wysheid waardeloos is nie. Stiges 11-12 wys tog op die יתרון ("voordeel") van die wysheid, naamlik dat dit aan sy besitter 'n beter kwalitietslewe gee. Tog moet hierdie wysheid buig voor die מעשׂה האלהים *("werk van God")*. Wysheid kan nie die mens se toekoms bepaal nie. Die wyse man se werk word gerelativeer deur "God se werk".

## 2.6 Prediker 7:15-22צ

Daar is in hierdie perikoop nie 'n polariteit tussen Prediker se wysheid en die algemene wysheid soos Loader (1979:50) graag wil sien nie. Die polariteit is tussen צדיק *("'n regverdige)* en רשע *("'n goddelose"* - vgl stige 15b).

Prediker neem waar dat die vergeldingsleer nie altyd gehandhaaf kan word nie. Hy waarsku teen beide: 'n lewe van buitengewone regverdigheid en wysheid teenoor 'n buitengewone goddelose lewe. Die regte oplossing is geleë in die "vrese van God" (vgl 18b). Vir Prediker is daar 'n noue relasie tussen חכמה *("die wysheid"* -stige 19) en ירא אלהים *("diegene wat God vrees"* - stige 18b). Selfs die regverdige het die godvrugtige wysheid nodig, want ook hy sondig (vgl 20).

## 2.7 Prediker 7:23 – 8:1

Die inleiding en slot van hierdie perikoop (vgl stige 24 en stige 1a) wys daarop dat die betekenis en sin van alles wat op die aarde gebeur (מה־שהיה), buite die bereik van die mens is. Al het die mens soveel wysheid (vgl 8:1b), bly hy nog steeds beperk, omdat die wyse nie die gebeure op aarde kan verklaar nie. Die wysheid is dus beperk, maar nie sinloos nie.

Hierdie perikoop handel ook oor die kleinheid en beperktheid van die mens. Man en vrou is albei verdorwe sondaars. Teenoor die kleinheid van die mens staan God se voorsienigheid. Dit is te danke aan God se goedgunstige beskikking dat iemand nie gevang word deur die sedelose vrou nie.

## 2.8 Prediker 8:16-17

Prediker 8:16-17 sluit nou aan by 1:13 wat vra na die sin van alles "wat onder die hemel gebeur". Prediker 8:17 gaan nog verder en vra ook na die sin van God se handelinge (מעשה אלהים). Hy kom agter dat die mens nie in staat is om God se handelinge te begryp nie. Selfs die wysheid wat die Prediker so hoog aanslaan, kan die mens nie help om God se dade te begryp nie, want die wysheid het grense.

## 2.9 Prediker 9:11-12

Die drie struktuurdraers עת ופגע (11d), עתו *("sy tyd")* (12a) en עת רעה *("tyd van onheil"* - 12c) handel oor God se ingrype in die lewe van die mens (Loader 1973:71; Kaiser 1986:132; Whybray 1989:145). Loader (1984:126) sien die frase עת ופגע as 'n aanduiding van "de grillige toedeling van God" en vertaal dan "want tyd en toeval treffen hen allen". פגע het 'n neutrale betekenis en kan vertaal word met "an occurrence" (Kaiser 1986:131) of met "Widerfahrnis" (Zimmerli 1980:224). Die 1983-AV "Alles word bepaal deur tyd en geleentheid", laat reg geskied aan hierdie neutrale betekenis. Omdat God ook betrokke is by עת ופגע gaan dit om God se ingrype in die lewe van sy kinders. God alleen beskik oor die sukses en geluk van die mens. Selfs teenspoed kom uit God se hand (vgl לעת רעה in 12c).

## 2.10 Prediker 9:13-16

Prediker 9:13-15 is 'n gelykenis met 'n lerende doel. Na aanleiding van hierdie gelykenis maak Prediker in 9:16 'n persoonlike gevolgtrekking, naamlik dat wysheid wel praktiese waarde het. ומלט־הוא (15b) is 'n indikatief wat nie die moontlikheid skilder nie, maar die werklikheid. Die pleonastiese gebruik van חוא, asook die feit dat מלט 'n prominente plek in die stige kry, wil juis beklemtoon dat dit die arm wyse man is wat die stad gered het. "It was he (of all people) who saved the city" (Fox 1989:263). Die inwoners van die stad het hierdie reddingsdaad gou vergeet omdat die wyse man arm was. Die waarde van die wysheid word dus nie na waarde geskat nie.

## 2.11 Prediker 9:17-10:4

Na aanleiding van Prediker 10:1, voer Loader (1984:130) aan dat die wysheid waardeloos, maar ook sinloos is. Tog wys Prediker in 9:17 en 9:18a deur middel van twee טוב-spreuke op die waarde van die חכמה *("wysheid")*. Die waarde van die wysheid lê daarin dat die wyse wat sy woorde rustig uiter, beter is as 'n heerser wat skreeu (9:17) en wysheid is ook beter as oorlogswapens (9:18b). Tog kan een persoon, byvoorbeeld 'n dwaas (חוטא אחד), die voordeel wat wysheid bring, verongeluk (9:18b). Wysheid is

dus nie 'n waarborg vir sukses nie. Al het die wysheid sy beperkinge, is dit nog baie beter as dwaasheid (vgl 10:2,3).

## 2.12 Prediker 10:5-7

Prediker skets in hierdie perikoop die רעה *("verkeerde ding")* wat hy waargeneem het, naamlik dat 'n onbekwame heerser 'n groot fout begaan. Stiges 6 en 7 is antitetiese spreuke. In 6 word dus 'n duidelike kontras geskets tussen die הסכל *("dwaas")* en die עשירים *("welgesteldes")*. Die dwaas word geplaas in posisies van gesag en invloed, terwyl die welgestelDes in vernedering sit. Stige 7 is 'n konkrete bewys van hierdie fout, naamlik dat die rol van die slaaf en die heerser omgeruil word. Prediker wys dus deur hierdie saak wat hy waargeneem het (ראיתי in 5 en 7) op die dwase optrede van die gesaghebber. Dwaasheid lei tot foute.

## 2.13 Prediker 10:8-11

Die vier hemistiges in 8 en 9 is identies opgebou. Elke hemistige begin met 'n partisipium wat 'n handeling aandui. Na die partisipium volg 'n selfstandige naamwoord wat die objek van die handeling aandui. Op die selfstandige naamwoord volg dan 'n werkwoord in die Imperfektum. Die feit dat die vier hemistiges in 8 en 9 so kunstig opgebou is, is 'n aanduiding dat ons hier vier spreuke het. Die vier take (*partisipia*) wat hier genoem word, is deel van 'n mens se alledaagse werksaamhede.

Hierdie vier spreuke illustreer dieselfde "Grundgedanken" (Lauha 1978:186). Die sentrale tema van 8 en 9 is dat daar moontlike gevare *(vgl Imperfektum Potentialis)* verbonde is aan die mens se alledaagse arbeid. As die wysheid reg aangewend word, word hierdie moontlike gevare vermy en bring die mens se arbeid wel voordeel (vgl stige 10b).

## 2.14 Prediker 12:9-11 en 12:12-14

Daar is verskeie redes waarom Prediker 12:9-11 en 12:12-14 bestempel kan word as twee redaksionele byvoegings. Eerstens is die derde persoon enkelvoud van 12:9 in sterk kontras met die res van die boek wat oorwegend in die eerste persoon enkelvoud geskrywe is. Tweedens is Prediker 1:2 en 12:8 "raamverse" (Lohfink 1980:85) wat die "liggaam" van die boek omraam. Hierdie twee verse is byna identies, naamlik הכל הבל: הבלים אמר קהלת הבל הבלים (1:2) en הבל הבלים אמר הקוהלת הכל הבל: (12:8). Prediker 12:8 is dus die afsluiting van die liggaam van die boek. Derdens is dit duidelik dat Predker 12:9-11 en 12:12-14 'n terugblik gee oor die werk van Prediker.

Die eerste redaksionele byvoeging, Prediker 12:9-11, handel oor Prediker en sy werk. Hy word geskets as 'n wyse en leraar van sy volk. Die drie werkwoorde אזן *("oorweeg")*, חקר *("ondersoek")* en תקן *("opgestel")* aldrie in die intensiewe Pi'el-vorm, beklemtoon dat Prediker sy werk as wyse en leraar ywerig en baie deeglik gedoen het. Prediker se

werk vorm deel van 'n grotere wysheidstradisie in die Ou Testament (vgl stiges 11a-11b). Die waarde van die wysheidstradisie word hier beklemtoon. Deur die woorde van die wyses word mense aangespoor om reg te lewe. Hierdie waarde van die wysheid is geleë in die feit dat God, geteken as die רעה אחד *("een Herder")*, die eintlike outeur van die wysheid is.

Die tweede redaksionele byvoeging, Prediker 12:12-14, gee die slotsom van die boek Prediker. Hierdie slotsom word in die vorm van twee vermaninge gegee; ירא את־האלהים *("vrees God")* en שמוֹר מצוֹתין *("bewaar sy gebooie")*. Hierdie byvoeging is nie in kontras met die res van die boek Prediker nie. Hy lig een van die belangrikste gedagtes van die boek uit, naamlik "om God te vrees" (vgl Pred 3:14, 5:6 , 7:8 en 8:12-13). "Vrees" nie in die sin van bang wees nie, maar eerder eerbied en ontsag vir God as die Almagtige. Hierdie eerbied en ontsag word erken as elke mens volgens God se wil lewe.

## KONKLUSIE

Die boek Prediker het nie 'n *Leitmotiv*, naamlik dat alles sinloos is nie; tog is daar 'n aantal temas wat herhaaldelik voorkom. Die grootheid en almag van God, asook sy soewereine toebedeling is een van die belangrikste temas van die boek. God beskik oor die sukses en geluk van die mens.

Teenoor die grootheid en almag van God, skets die boek Prediker die kleinheid en afhanklikheid van die mens. Die gesindheid van die mens word saamgevat in Prediker 12:13: "Dien God en gehoorsaam sy gebooie".

Die boek se siening van die mens se arbeid is verstaanbaar teen die agtergrond van die Ptolemese oorheersing en uitbuiting in die middel van die derde eeu voor Christus. Die mens se arbeid bring vir hom geen voordeel nie. Die boek Prediker bestempel die mens se arbeid as 'n gejaag na wind, maar skets die arbeid nie as sinloos nie. Al hierdie inspanning en werk verskaf vir die mens plesier en hierdie vreugde is die mens se enigste beloning vir al sy moeitevolle arbeid.

Prediker wys gereeld op die groot waarde van die wysheid. Die waarde van die wysheid is geleë in die feit dat God self die outeur van die wysheid is. Die wysheid het egter ook grense. Al beskik die mens oor wysheid, bly hy nog steeds beperk, omdat selfs die wyse nie die gebeure op aarde kan verklaar nie.

Die boek gee dus heelwat positiewe advies aan sy lesers. Prediker kry nie eers sin deur die bril van die Nuwe Testament nie, maar het as sodanig 'n boodskap, ook vir die Christen van vandag.

## Literatuurverwysings


Caneday, A B 1986. Qoheleth: Enigmatic pessimist or Godly sage? *GTJ* 7/1, 21-56.

Fischer, A A 1997. *Skepsis oder Furcht Gottes. Studien zur Komposition und Theologie des Buches Kohelet.* Berlin: De Gruyter (BZAW 247).

Forman, C C 1958. The pessimism of Ecclesiastes. *JSSt* 3, 336-343.

Fox, M V 1989. *Qohelet and his contradictions.* Sheffield: Almond Press (JSOTS 71).

Holm-Nielsen, S 1974. On the interpretation of Qohelet in early Christianity. *VT* 24, 168-177.

Kaiser, W C 1986. *Quality living. Ecclesiastes.* Chicago: Moody Press.

Kroeze, J H 1975. *Die woorde van die Prediker.* Johannesburg: Boekhandel De Jong.

Lauha, A 1978. *Kohelet.* Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag (BKAT 19).

Liebschutz, N 1920. The cynic in the Bible. *Meth Q R* 69/4, 731-741.

Loader, J A 1973. *Polariteit in die denke van Qohelet.* Ongepubliseerde D. Litt-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

-, 1979. *Polar stuctures in the book of Qohelet.* Berlin: De Gruyter (BZAW 152).

-, 1984. *Prediker. Een praktische bijbelverklaring.* Kampen: J H Kok (T&T).

-, 1987. Prediker, in Burden, J J & Prinsloo W S (reds), *Tweegesprek met God,* 49-56. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers (LOT 3).

Lohfink, N 1980. *Kohelet.* Würzburg: Echter Verlag (NEB).

Van Niekerk, M J H 1989. *'n Ondersoek na die Carpe-diem-element in die boek Qohelet.* Ongepubliseerde DTh-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Walsh, J T 1982. Despair as a theological virtue in the spirituality of Ecclesiastes. *BTB* 12/2, 46-49.

Whybray, R N 1982. Qoheleth, preacher of joy. *JSOT* 23, 87-98.

-, 1989. *Ecclesiastes.* Grand Rapids: Eerdmans (NCBC).

Zimmerli, W & Ringgren, H 1980. *Sprüche/Prediger.* Göttingen: Vandenhoeck & Puprecht (ATD 16.1).